



You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

**AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL V1**

**NOVEMBER 2012**

**VRYSTAAT**

**PUNTE: 120**

**TYD: 2½ uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 25 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit VIER afdelings.

| | | | |
|---|---|---|---|
| AFDELING A: | Leesbegrip | VRAAG 1 | (30) |
| AFDELING B: | Opsomming | VRAAG 2 | (10) |
| AFDELING C: | Taal | VRAAG 3–6 | (60) |
| AFDELING D: | Letterkunde | VRAAG 7–10 | (20) |

2. Lees die instruksies noukeurig deur.

3. Beantwoord AL die vrae.

4. Begin ELKE afdeling op ’n NUWE bladsy.

5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

6. Laat ’n reël oop na elke antwoord.

7. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.

8. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou 


## AFDELING A: LEESBEGRIP

## VRAAG 1

## TEKS A: TYDSKRIFARTIKEL

Lees die tydskrifartikel hieronder en beantwoord die vrae.

# STANLEY SE NUWE HART KLOP WARM VIR DIE LEWE



1. Stanley Henkeman (53) het eers ŉ hartaanval en toe ŉ hartoorplanting oorleef. Dit het hom anders oor die lewe laat dink. Hy is nou ŉ atleet wat aan wêreldkompetisies deelneem.

2. Stanley was ŉ hoërskoolonderwyser van Muizenberg, buite Kaapstad. Hy was op ŉ staptog by Swellendam saam met sy seun, Luke, en twee ander seuns, toe hy tien jaar gelede ŉ hartaanval gehad het.

3. "Binne die eerste uur het ek begin sweet. Ek het pyne in my bors gekry. Toe begin ek opgooi. Die veldwagter het my na die hospitaal toe geneem," vertel Stanley. By die Groote Schuur-hospitaal in Kaapstad het die dokters vir hom gesê dat ŉ deel van sy hart baie skade opgedoen het.

4. Stanley kon nie verstaan waarom hy ŉ hartaanval gekry het nie omdat hy baie fiks was en hard geoefen het. Stanley se pa was baie gesond, maar sy oupa het ook ŉ hartaanval gehad.

5. Die jaar na die hartaanval was baie moeilik vir Stanley. Wanneer hy oefeninge gedoen het, het hy opgegooi of flou geword. Hy was so moeg dat hy nie eers 20 treë kon loop nie.

6. Stanley moes ŉ nuwe hart kry, maar daar was nie ŉ hart beskikbaar nie. Sy naam is op die skenkerslys geplaas en hy moes wag vir ŉ skenker. Na ŉ jaar het hy ŉ oproep gekry. Die dokter het hom laat weet dat daar ŉ hart was om oor te plant.

7. Hy is dadelik na Christiaan Barnard-gedenkhospitaal geneem. Die operasie het ses uur geduur. Na die operasie was hy baie bly dat hy nog geleef het en dat hy weer maklik kon asemhaal.

8. Stanley het skuldig gevoel om iemand anders se hart te kry. Hy het geweet iemand het doodgegaan om die hart vir hom te gee. Later het hy uitgevind dit was ŉ jong man se hart. Die jong man wat in Port Elizabeth gebly het, is in ŉ motorongeluk dood.

9. Stanley se nuwe hart het na die operasie warm geklop. Hy kon weer aan sport deelneem. Hy sê: "Almal wat die artikel lees, moet daaraan dink om ŉ orgaanskenker te word. Hulle kan soveel lewens red."

[Verwerk uit *Huisgenoot*, 3 November 2011]

1.1 Hoe oud is Stanley Henkeman? (1)

1.2 Stanley het die hartoorplanting gehad en daarna ŉ hartaanval.

1.2.1 Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR? (1)

1.2.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 1.2.1. (1)

1.3 Watter soort werk het Stanley eers gedoen? (1)

1.4 Hoe lank gelede het Stanley ŉ hartaanval gehad? (1)

1.5 By watter dorp het Stanley, sy seun en die twee maats gaan stap toe hy ŉ hartaanval gekry het? (1)

1.6 Wie het vir Stanley hospitaal toe geneem? (1)

1.7 Verduidelik wat bedoel word wanneer ons sê dat daar hartsiektes in Stanley se familie was. (1)

1.8 Na sy hartaanval kon Stanley nie baie ver op ŉ dag stap nie.

1.8.1 Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR? (1)

1.8.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 1.8.1. (1)

1.9 Hoe lank moes Stanley wag om ŉ hart te kry vandat sy naam op die lys geplaas is? (1)

1.10 Kies die KORREKTE antwoord.
Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A–D) neer.

Watter twee simptome van ŉ hartaanval het Stanley op die staptog gehad?

A Hy het pyne in die bors gekry en het opgegooi.
B Hy het pyne in die bors gekry en het flou geword.
C Hy het opgegooi en flou geword.
D Hy het opgegooi en moeg geword. (1)

1.11 Wat kon Stanley maklik doen na die operasie? (1)

1.12 Hoekom het Stanley skuldig gevoel na die operasie? (1)

1.13 Met sy nuwe hart moes Stanley alle sport los.

1.13.1 Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR? (1)

1.13.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 1.13.1. (1)

1.14 Voltooi die sin.

Kies die KORREKTE antwoord uit die raampie hieronder om die sin te voltooi. Skryf slegs die antwoord neer.

| Muizenberg; Groote Schuur; Port Elizabeth |
|---|

Stanley het sy hart gekry van iemand wat in ... gewoon het. (1)

1.15 Die spreekwoord **"Daar is lig aan die einde van die tonnel"** beteken dat dinge goed sal eindig, al lyk dit nie aan die begin so nie.

Hoekom kan ons sê dat die lig aan die einde van Stanley se tonnel geskyn het? (1)

1.16 Waarom, dink jy, is dit goed om organe te skenk? (1)

1.17 Waarom, dink jy, was Stanley bly om ʼn nuwe hart te kry? (1)

**TEKS B: INFORMATIEWE TEKS**

Lees die informatiewe teks hieronder en beantwoord die vrae.

# SABC 2

**06:00** **Morning Live**
**08:50** **Thabang, Thabang**
**09:50** **Takalani Sesame**
**11:50** **Dr Phil**
**13:25** **Days of our Lives (H)**
**15:00** **7de Laan (H)**
**15:30** **Muvhango (H)**
**17:30** **News**
**18:00** **Nhlalala Ya Rixaka**
**18:27** **7de Laan (A)**
San-Mari waarsku vir Kabelo om nie met Zinzi te mors nie. Oubaas raai wie die reeksmoordenaar kan wees.
**19:00** **News**
**19:30** **Pasella**
*Pasella* hys die vlag in die administratiewe hoofstad en maak pasta vir die Bokke. Reis saam na Potchefstroom.
**20:30** **Nuus**
**21:00** **Muvhango**
**21:30** **Stokvel (H)**
Budgets en Mathilda se troue is om die draai. Alles wat verkeerd kan gaan, gaan verkeerd.
**22:00** **Jacob's Cross IV (16)**
**23:00** **Matric Revision**
**00:00** **Smallville (OL 13) (H)**

* Alle inligting oor uitsaaitye en programinhoud was teen druktyd korrek.
** A: Almal. G: Geweld. H: Herhaling. OL: Ouerleiding. T: Slegte Taal.
*** TV-skedulenavrae vir SABC: 011 714 9797

[Verwerk uit *Beeld*, 19 Oktober 2011]

1.18 Skryf die program neer wat om 09:50 begin. (1)

1.19 Watter simbool dui aan dat almal na 'n program kan kyk? (1)

1.20 Wie waarsku vir Kabelo in *7de Laan* om nie met Zinzi te mors nie? (1)

1.21 Hoe laat word die nuus in Afrikaans uitgesaai? (1)

1.22 Watter kos word in *Pasella* spesiaal vir sportmanne gemaak? (1)

1.23 Kies die KORREKTE antwoord.
Skryf net die vraagnommer en die letter (A–D) neer.

Wat beteken dit as die troue om die draai is?

A Die bruidegom is laat vir die troue.
B Die paartjie het besluit om nie meer te trou nie.
C Die troudatum is naby.
D Die paartjie kan nie alles voor die troue doen nie. (1)

1.24 SABC 2 kan nie sê dat alle programme presies volgens die skeduletyd uitgesaai sal word nie.

1.24.1 Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR? (1)

1.24.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 1.24.1 deur ŉ sin uit die informatiewe teks aan te haal. (1)

1.25 Hoekom, dink jy, word *Matric Revision* so laat in die aand uitgesaai? (1)

1.26 Wat doen SABC 2 om mense wat verskillende tale praat, tevrede te stel? (1)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: OPSOMMING

## TEKS C

## VRAAG 2: DIE SIMBOLIEK VAN KLEUR

- Som die **simboliek** van verskillende kleure in SEWE sinne op.
- Skryf die stappe PUNTSGEWYS neer.
- Nommer die sinne van 1 tot 7.
- Jou opsomming mag nie langer as 60 woorde wees nie.
- Dui die KORREKTE getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

**ROOI**

Rooi is een van die primêre kleure en ook die kleur van bloed. Dit is ŉ gewilde kleur om op Valentynsdag te dra. Rooi is ŉ teken van liefde.

**GROEN**

Groen is die kleur vir groei. Die mens se oog is gewoond aan hierdie kleur in die natuur. Bome is mos groen in die lente. Blare wat dus nie groen is nie, is dood.

**ORANJE**

Wat maak ŉ vuurtjie so gesellig? Dit is die kleur van die vlamme wat so warm en hartlik is. Om hierdie rede is oranje die kleur wat gebruik word om vuur voor te stel.

**GEEL**

Geel straal vriendelikheid uit. Hierdie kleur is die ideale kleur om te dra op dae wat jy nie goed voel nie, want geel help om ŉ mens se gees op te hef.

**BLOU**

Op die kleurwiel lê blou tussen groen en indigo. Op ŉ sonnige dag is die hemel helder blou. Blou stel rustigheid voor.

**SWART**

Swart is die kleur wat in baie kulture gebruik word om te rou. Wanneer iemand in een van daardie kulture sou sterf, dra die mense swart klere as teken van hulle hartseer.

**WIT**

Wit is ŉ teken van vrede. Wit duiwe word baie keer vrygelaat wanneer mense ophou baklei of lande na ŉ oorlog besluit om nie meer te veg nie.

[Verwerk uit *Vrouekeur*, 28 Oktober 2011]

**TOTAAL AFDELING B: 10**

## AFDELING C: TAAL

## VRAAG 3: WOORDSTRUKTURE

## TEKS D: STROKIESPRENT

Kyk na die prent hieronder en beantwoord die vrae.




[Uit: *Oxford Life Orientation*]

- Skryf net die vraagnommer en die KORREKTE antwoord neer.
- Al die antwoorde in hierdie vraag moet KORREK gespel word.

3.1 Gee die korrekte VERKLEININGSVORM van die woord tussen hakies.

Sarah is ŉ klein (dogter) en sy leer baie hard. (1)

3.2 Gee die MANLIKE VORM van die woord tussen hakies.

Sarah se (tante) studeer aan ŉ universiteit. (1)

3.3 Gee die VERGROTENDE TRAP VAN VERGELYKING van die woord tussen hakies.

Sarah is (mooi) as haar suster. (1)

3.4 Vorm die korrekte SAMESTELLING van die woord tussen hakies.

Sarah se (tennis + skoene) is onder die tafel. (1)

3.5 Kies die korrekte VOORNAAMWOORD uit die woorde tussen hakies.

Sarah het al (haar/sy/hom) boeke op die tafel gelos. (1)

Kopiereg voorbehou 

3.6 Gee die korrekte VORM VAN DIE WOORD tussen hakies.

Sarah studeer hard vir ŉ (moeilik) vraestel. (1)

3.7 Gee EEN WOORD vir die woorde tussen hakies.

Die meisie doen haar beplanning (elke maand). (1)

3.8 Kies die korrekte VOORSETSEL uit die woorde tussen hakies.

Die horlosie hang (teen/op/by) die muur. (1)

3.9 Gee die korrekte VORM van die woord tussen hakies.

Op die (drie) September gaan hulle toets skryf. (1)

3.10 Gee die MEERVOUD van die woord tussen hakies.

Sarah gebruik twee (potlood) vir haar beplanning. (1)

3.11 Kies die korrekte AFKORTING tussen hakies.

(Mnr./Mev./Ms.) Gert Pieterse is haar onderwyser. (1)

3.12 Gee die korrekte OORTREFFENDE TRAP VAN VERGELYKING van die woord tussen hakies.

Sy is die (oulik) meisie in die klas. (1)

3.13 Gee ŉ SINONIEM *(woord met dieselfde betekenis)* vir die woord tussen hakies.

Al Sarah se vriendinne in haar klas skryf (pragtig). (1)

3.14 Gee ŉ ANTONIEM *(woord met die teenoorgestelde betekenis*) vir die woord tussen hakies.

Sarah is bang sy gaan haar eksamen (slaag). (1)

3.15 Kies die korrekte TUSSENWERPSEL tussen hakies.

(Sjoe/Foei tog), die vraestel was moeilik. (1)

3.16 Gee die korrekte INTENSIEWE VORM vir die woord tussen hakies.

Baie van die leerders is (baie bang) vir die eksamen. (1)

3.17 Kies die korrekte LIDWOORD tussen hakies.

Sarah sal in (die/ŉ) toekoms goeie uitslae kry. (1)

3.18 Kies die korrekte spelling van die WOORD tussen hakies.

Sarah wil graag (volgende jaar/volgendejaar) verder studeer. (1)

3.19 Kies die korrekte WOORD tussen hakies.

Die onderwyseres (help/hulp) Sarah met haar beplanning. (1)


3.20 Gee EEN WOORD vir die woorde tussen hakies.

Sarah het haar eie (penne, skryfpapier, potlode) gebruik in die eksamen. (1)
**[20]**

**VRAAG 4: SINSTRUKTURE**

**TEKS E**

Kyk na die prent hieronder en beantwoord die vrae. **Skryf elke keer die hele sin uit.**




[Uit: *LO Vandag Graad 10*]

4.1 Skryf die sin oor in die TEENWOORDIGE TYD.

Ouma het saam met die familie gekuier.
**Begin só:** Ouma ... (1)

4.2 VERBIND die sinne met die woord tussen hakies.

Ouma sit in ʼn gemaklike stoel. Sy is oud. (want) (1)

4.3 Voltooi die INFINITIEF. Skryf die hele sin oor.
**Begin só:** Die familie het onthou ... Ouma geluk ... wens. (1)

4.4 Vul die KORREKTE VRAAGWOORD in sodat die onderstreepte deel van die sin die antwoord is.

<u>Simon</u> staan op die stoel.

... staan op die stoel? (1)

4.5 Kies die KORREKTE ANTWOORD. Skryf die hele sin uit.

Die son hoef nie (te/om te) skyn as ons braai nie.
**Begin só:** Die son hoef nie ... (1)

4.6 Skryf die sin oor in die INDIREKTE REDE.

Ouma sê: “Ek is baie gelukkig.”
**Begin só:** Ouma ... (1)

4.7 Kies die korrekte BETEKENIS van die onderstreepte idioom.
Skryf net die vraagnommer (4.7) en die KORREKTE letter neer.

Ouma is <u>in die wolke</u> oor haar geskenk.
<u>In die wolke</u> beteken ...

A Ouma is baie bly.
B die wolke pak saam.
C daar is moeilikheid in die toekoms.
D iemand word hemelhoog geprys. (1)

4.8 RANGSKIK die groepe woorde tussen hakies in die korrekte volgorde.

Die manne kuier (om die vuur) (baie lekker) (die hele middag).
**Begin só:** Die manne kuier ... (1)

4.9 Skryf die sin oor en begin met die VETGEDRUKTE woorde.

Ouma vier haar verjaarsdag **een keer per jaar**.
**Begin só:** Een keer per jaar ... (1)

4.10 Watter spreekwoord pas die beste by die prentjie?
Skryf net die vraagnommer (4.10) en die KORREKTE letter neer.

Die kat het hom ... vir die muis geskrik.

A katswink
B grafstil
C boeglam
D doodbang (1)

4.11 VERBIND die sinne met die woord tussen hakies.

Die familie eet lekker. Hulle gaan huis toe. (daarna) (1)

4.12 Skryf die sin oor in die VERLEDE TYD.

Die seun is stout.
**Begin só:** Die seun ... (1)

4.13 Skryf die sin oor in die LYDENDE VORM.

Die vrouens het die tafel gedek.
**Begin só:** Die tafel ... (1)

4.14 Skryf die sin oor in die VERLEDE TYD.

Ouma se kleinkind lê op haar skoot.
**Begin só:** Ouma se kleinkind ... (2)

4.15 Skryf die sin oor in die TOEKOMENDE TYD.

Die muis sit onder die tafel.
**Begin só:** Die muis ... (2)

4.16 Vul die ontbrekende woorde in die LYDENDE VORM van die volgende sin in.

Die mans braai die vleis op die vuur.
Die vleis ... deur die mans op die vuur ... (2)

4.17 Skryf die sin oor in die ONTKENNENDE VORM.

Die familie baklei met mekaar.
**Begin só:** Die familie ... (2)

4.18 Beantwoord die vraag in die ONTKENNENDE VORM.

Loer die seuntjie om die deur?
**Begin só:** Nee, die seuntjie ... (2)

4.19 Skryf die sin oor in die INDIREKTE REDE.

Ouma vra: "Kuier julle lekker?"
**Begin só:** Ouma vra ... (2)
**[25]**

## VRAAG 5: REDIGERING

### TEKS F

Jou vriend het ŉ artikel vir die plaaslike koerant geskryf. Hy het vir jou gevra om die artikel deur te lees en die foute wat onderstreep is, reg te maak.



# Tieners ... snaakse goed!

Hier is ŉ paar vreemde feit oor tieners wat jy dalk nie geweet het nie.

**As jy tieners se selfone wegneem, raak hulle vaak!**
As deel van navorsing is 80 tieners in ŉ klaskamer vir 45 minute toegesluit. Die helfte van hulle het hul selfone gehad, die ander helfte nie. Die tieners wat nie selfone gehad het nie, het geslaap gou.

**42% van tieners kan met toe oë sms!**
hierdie tieners het nie superkragte nie. Hulle sms so baie dat hulle dit met toe oë kan doen. Tieners het in ŉ navorsingstudie erken dat hul lewens baie sleg sonner hul selfone sou wees.

**Tieners groei so vinnig, hul breine kan nie byhou nie.**
Het tieners al gewonder hoekom hulle heeltyd oor goed val  Dis regtig nie hulle skuld nie. Tieners groei so vinnig dat hul breine nie kan byhou om hul balans te handhaaf nie.

**Neem tieners risiko's? Dis die breine se skuld!**
Volgens ŉ studie is tieners se breine so geprogrammeer dat dit vir hulle moeilik is om te besluit as ŉ situasie gevaarlik is of nie.

**Tieners se slaappatrone kan deur ŉ blou gloeilamp verbeter word.**
Sukkel jy om aan die slaap te val en dan weer in die oggend op te staan? Dit kan help om te gebruik ŉ blou gloeilamp in jou kamer. Hierdie blou lig kan help om jy interne horlosie reg te stel.

[Verwerk uit *JIP*, 17 Augustus 2011]

5.1 Gee die **meervoud** van die onderstreepte woord in reël 1. (1)

5.2 Skryf die onderstreepte **getal** in reël 3 in woorde. (1)

5.3 Skryf die onderstreepte gedeelte in reël 5 oor en verbeter die **woordorde**. (1)

5.4 Skryf die woord in reël 7 neer wat met ŉ **hoofletter** moet begin. (1)

5.5 Verbeter die **spelling** van die onderstreepte woord in reël 9. (1)

5.6 Skryf die onderstreepte sin in reël 11 oor en vul die **leesteken** in wat uitgelaat is. (1)

5.7 Vervang as in reël 16 met die korrekte woord. (1)

5.8 Verbeter die onderstreepte **woord** in reël 18. (1)

5.9 Skryf die onderstreepte sin in reël 19 oor en verbeter die **woordorde**. (1)

5.10 Vervang jy in reël 20 met die korrekte woord. (1)
**[10]**

## VRAAG 6: KRITIESE TAALBEWUSTHEID EN INTERPRETASIE VAN TEKSTE

### TEKS G (Prente in VRAAG 6.1 tot 6.5)

Kyk na die prente hieronder en beantwoord die vrae.

- Kies die antwoord om by elke situasie te pas.
- Skryf net die vraagnommer en die korrekte letter (A–D) neer.

6.1



[Uit: *Google Images*]

Tina is baie **opgewonde** omdat die skool gesluit het vir die vakansie.
Kies die sin wat aandui hoe **opgewonde** Tina is.

A “Sjoe, ek is moeg, maar gelukkig is dit nou vakansie.”
B “Hiert! Die vakansie gaan begin.”
C “Ag, dis alweer vakansie!”
D “Hoera! Uiteindelik is dit vakansie!” (1)

6.2




[Uit: *Google Images*]

Die bestuurder is baie **kwaad** vir die werker wat ʼn fout gemaak het.
Kies die sin wat aandui hoe **kwaad** die bestuurder vir die werker is.

A “Toemaar, almal maak foute.”
B “Alles reg. Sorg dat dit nie weer gebeur nie!”
C “Dis jou laaste waarskuwing, loop nou!”
D “Dis nie so erg nie, vergeet daarvan.” (1)

6.3




[Uit: *Google Images*]

Die seun wil nie skool toe gaan nie en probeer sy pa **manipuleer** om die skoolhoof te bel.
Kies die sin wat aandui hoe die seun sy pa probeer **manipuleer** om die skoolhoof te bel.

A “Sal Pa die hoof bel en sê ek is siek?”
B “Ek sal die kar was as Pa die hoof bel en sê ek is siek.”
C “Ek wil nie skool toe gaan nie, bel die hoof!”
D “Bel die hoof en sê ek is siek.” (1)

6.4



[Uit: *Google Images*]

Sipho vra Mavis om te gaan fliek, maar sy is **ongemanierd.**
Kies die sin wat aandui hoe **ongemanierd** Mavis is.

A “Ek gaan nie uit met mans wat nie hulle eie motors het nie.”
B “Jammer, maar my ouers laat my nie toe om uit te gaan nie.”
C “Ek kan nie gaan nie, want ek moet ’n toets skryf.”
D “Ek het reeds die fliek gesien, dankie, maar geniet jy dit.” (1)

6.5



[Uit: *Google Images*]

Piet is **verbaas** dat Lisa ’n mediese dokter is.
Kies die sin wat aandui hoe **verbaas** Piet is omdat die mooi meisie ook slim is.

A “Mooi meisies soos jy hoef mos nie te werk nie.”
B “Hoekom soek jy nie net ’n man en trou nie?”
C “Slim meisies moet trou en in die huis werk.”
D “’n Mooi meisie soos jy kan mos nie ’n mediese dokter wees nie?” (1)
**[5]**

**TOTAAL AFDELING C: 60**

## AFDELING D: LETTERKUNDE

***KINDERS VAN DIE AARDE* – Charles Fryer**
***OM LAASTE TE KAN LAG* – Pirow Bekker**

Hierdie afdeling bestaan uit VIER VRAE.

Beantwoord EEN vraag uit *KINDERS VAN DIE AARDE*.

**OF**

Beantwoord EEN vraag uit *OM LAASTE TE KAN LAG*.

***KINDERS VAN DIE AARDE* – Charles Fryer**

**VRAAG 7: *DIE RAMP* – TT Cloete**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

> Die kinders het baie gehuil, veral die twee kleinstes. Hulle het almal vas geglo dat hulle ma gaan sterf en dat hierdie terugreis per motor sonder haar die begin van 'n groot komende ramp is. Ek het hard probeer troos en al reisende half ongeduldig gedink: Wat kan mens tog nie tref nie.
> By Swellendam het die kleinste 'n hoë koors begin ontwikkel. Ek het aspirine gehad en haar van tyd tot tyd daarmee gedokter.

7.1 Waar het die verteller en sy gesin gebly? (1)

7.2 Hoekom was die verteller en sy gesin aan die begin van die verhaal in Houtbaai? (1)

7.3 Hoe sou die verteller se vrou by hulle tuisdorp gekom het? (1)

7.4 Die verteller **moes** deur die nag ry.

7.4.1 Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR? (1)

7.4.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 7.4.1. (1)

7.5 Voltooi die volgende sinne deur die woorde in die lys hieronder te gebruik. Skryf slegs die vraagnommer (7.5.1–7.5.4) en die woord neer.

| see; | weer; | besluit ; | wind; | huis; | bestuur; | reën |
|---|---|---|---|---|---|---|

Die verteller het die Sondagaand met die motor (7.5.1) ... toe vertrek. Hy het gesukkel om te (7.5.2) ..., want daar was baie draaie en passe in die pad. Dit was ook baie gevaarlik om in die slegte (7.5.3) ... te ry. Die (7.5.4) … was baie sterk gewees. (4)

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

> Veraf hoor ons die see dreun. Dit is twee-uur. Die kinders huil, die groteres sag, die kleineres hard, behalwe die kleinste wat buite weste van koors lê en yl. Daar is byna geen verkeer hierdie tyd van die nag nie, en die motors wat wel verbykom, hou nie vir my smekende gebare stil nie. In die newelagtige reën kan hulle my dalk ook nie behoorlik sien nie. Later is ek papnat en koud.

7.6 Kies die KORREKTE antwoord.
Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A–D) neer.

Wie het vir die verteller gehelp toe hulle langs die pad gestaan het? Die bestuurder van ŉ ...

A taxi.
B bus.
C insleepmotor.
D geel Mini-stasiewaentjie. (1)

7.7 Kies die KORREKTE antwoord.
Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A–D) neer.

By watter dorp het die verteller die insleepmotor gaan haal?

A Humansdorp
B Kaapstad
C Jeffreysbaai
D Swellendam (1)

7.8 Kies elke keer die inligting uit KOLOM B om by die karakter(s) in KOLOM A te pas. Skryf slegs die vraagnommer (7.8.1–7.8.4) en die letter (A–E) neer, bv. 7.8.5 F.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 7.8.1 | Die verteller | A | het in die agterste ruimte geslaap. |
| 7.8.2 | Die vrou | B | het geweier om betaling te aanvaar. |
| 7.8.3 | Die weldoener se kinders | C | het die steenbokkie gestamp. |
| 7.8.4 | Die weldoener | D | het ŉ bloeiende maagseer gehad. |
| | | E | het wakker geskrik. |

(4 x 1) (4)

7.9 Watter bewys was daar dat die weldoener wel in die ongeluk dood is? (1)

7.10 Waarom dink jy dat die verteller indirek verantwoordelik gehou kon word vir die weldoener se dood? Gee TWEE feite. (2)

7.11 7.11.1 Watter deel van die storie het jou bekommerd laat voel oor die verteller? (1)

7.11.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 7.11.1. (1)
**[20]**

**OF**

***KINDERS VAN DIE AARDE* – Charles Fryer**

**VRAAG 7: *MY BROER SE KRAAI* – Chris Barnard**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

> Die middag was die kraai in sy hok. Maar dit het drie dae se geduld gekos om hom iets te laat eet. Hy was bang vir ons en hy het nie van die hok gehou nie. Na ŉ week het hy in die hok begin rondstap en kort-kort sy vlerke gelig.

8.1 Waar het die verteller se broer die kraai opgetel? (1)

8.2 Wat was fout met die kraai toe die verteller se broer hom gekry het? (1)

8.3 Hoekom wou die verteller se broer die kraai eers nie loslaat nie? (1)

8.4 Die kraai het na ŉ paar dae in die hok **beter gelyk** as die dag toe die verteller se broer hom opgetel het.

8.4.1 Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR? (1)

8.4.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 8.4.1 met ŉ rede uit die kortverhaal. (1)

8.5 Kies elke keer die antwoord uit KOLOM B om by die inligting in KOLOM A te pas. Skryf slegs die vraagnommer (8.5.1–8.5.4) en die letter (A–E) neer, bv. 8.5.5 F.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 8.5.1 Die kraai | A het Vossie gekoggel. |
| 8.5.2 Die papegaai | B het eers ŉ mens se hand gebyt. |
| 8.5.3 Simon | C het by jou gebly omdat hy nie van beter geweet het nie. |
| 8.5.4 Familie | D het vir twee dae nie geëet nie. |
| | E het later die hok begin vermy. |

(4 x 1) (4)

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

> Ons sou graag van die kraai wou vergeet as ons kon – maar sy verwoede gelag wat snags oor die stil werf weergalm, het ons nie toegelaat om van hom in sy hok te vergeet nie.
>
> My broer het begin stiller word. Ons het dit almal gemerk. Hy was ŉ vrolike vent, my broer, maar sy vrolikheid het begin afslyt. Hy het sy bes probeer om dit vir ons weg te steek, maar niemand om die bos gelei nie. Eenkeer het ek deur ŉ venster staan en kyk hoe hy die kraai uit die hok probeer haal. Dit het ŉ vreeslike gestoei afgegee.

8.6 Kies die KORREKTE antwoord.
Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A–D) neer.

Hoekom het die verteller se broer die kraai **uiteindelik** losgelaat? Die kraai ...

A se voet het begin bloei.
B se snawel was venynig.
C het nooit soos syne gevoel nie.
D het die draad geskop en gepik. (1)

8.8 Voltooi die volgende sinne deur die woorde in die lys hieronder te gebruik. Skryf slegs die vraagnommer (8.7.1–8.7.4) en die woord neer.

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| slaan; | sukkel; | terugsit; | vashou; | besluit; | loslaat |

Eendag het die verteller deur die venster gekyk en gesien hoe sy broer die kraai probeer (8.7.1) … het. Die kraai het so gespook en gekrap dat die broer hom maar moes (8.7.2) ... in die hok. Die kraai het die broer seergemaak en hy het daaraan gedink dat hy die kraai liewer moes (8.7.3) ... Hy het die verteller gevra wat om te doen, maar hy het gesê die broer moes liewer self (8.7.4) ... (4)

8.8 Kies die KORREKTE antwoord.
Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A–D) neer.

Hoe het die verteller geweet dis sy kraai wat teruggekom het? Hy het die kraai aan sy ... herken.

A stywe stappie
B stomp snawel
C yl vlerkvere
D snaakse huilgeluide (1)

8.9 Wat was die verteller se broer se reaksie toe hy die kraai in sy hok gesien het, nadat die kraai teruggekom het? (1)

8.10 Hoekom het die verteller se broer die hok aan die einde van die verhaal oopgelos? (1)

8.11 Hoe het die kraai later vir die verteller se broer gewys dat hy sy kraai wou wees? (1)

8.12 Waarom kan ons die verteller se broer ŉ diereliefhebber noem? (1)

8.13 Wat het hierdie verhaal vir jou oor wilde diere geleer? (1)
**[20]**

**OF**

***OM LAASTE TE KAN LAG* – Pirow Bekker**

**VRAAG 9: *DIE GEHEIM* – J van Melle**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

> Hy het daar in sy stoel gesit en lees toe die geroep hom laat opspring het, en sonder om te aarsel, ruk hy sy baadjie uit en spring oorboord. Nog net betyds kry hy die meisie beet.
> "Jy moet my nie so styf vashou nie," sê hy vir haar. "Ek sal jou wel hou tot hulle kom." Maar sy was te verskrik om na hom te luister.

9.1 Hoe gereeld het die passassiersbote tussen die twee dorpe gery? (1)

9.2 Hoe oud was die oudste van die drie kinders wat saam op die boot gery het? (1)

9.3 Kies die KORREKTE antwoord.
Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A–D) neer.

Van watter plek het die vrou en die kinders gereis?

A Kortjeen
B Rotterdam
C Schouwen
D Middelburg (1)

9.4 Kies elke keer die inligting uit KOLOM B om by die karakter in KOLOM A te pas. Skryf slegs die vraagnommer (9.4.1–9.4.4) en die letter (A–E) neer, bv. 9.4.5 F.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 9.4.1 Dou | A het die kinders op die boot opgepas. |
| 9.4.2 Leune | B was 'n goeie swemmer. |
| 9.4.3 Dou se pa | C het die meeste las gegee. |
| 9.4.4 Leune se ma | D was 'n predikant. |
| | E het die matrose geroep. |

(4 x 1) (4)

9.5 Watter fees het Leune en haar ouers elke jaar bygewoon waar sy en Dou mekaar ontmoet het? (1)

9.6 **Dou** het op Leune geskree voordat sy van die reling afgeval het.

9.6.1 Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR? (1)

9.6.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 9.6.1 met 'n feit uit die kortverhaal. (1)

9.7 Watter geheim het Dou nooit vir sy vrou vertel nie? (1)

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

> Die skip het gedraai en ŉ roeiboot kom na hulle toe. Hy sien nog die skuitjie, maar hy het geen krag meer oor nie. Toe begin hy droom. Die bootjie was nog net betyds, want hulle was al diep onder water en die manne kon hulle nog maar net met ŉ haak bykom. Die twee kinders het in mekaar se arms gehang en dit was met moeite dat die manne hulle van mekaar kon loskry. Die seun het gou weer bygekom, maar met die meisie het dit heelwat langer geduur, ...

9.8 Voltooi die volgende sinne deur die woorde in die lys hieronder te gebruik. Skryf slegs die vraagnommer (9.8.1–9.8.4) en die woord neer.

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| straf; | predikant; | geskenk; | gesin; | bekommerd; | bly |

Dou het daardie dag amper verdrink en hy was baie (9.8.1) … oor Leune. Hy het die gebeurtenis as ŉ (9.8.2) ... van God gesien. Hy het met niemand daaroor gepraat nie, nie eers met sy (9.8.3) ... nie. As hy terugdink aan die gebeurtenis, het dit hom baie (9.8.4) ... gemaak. (4)

9.9 Kies die KORREKTE antwoord.
Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A–D) neer.

Dou en sy vrou het albei ... gehad.

A verskillende geheime
B ŉ donker geheim
C dieselfde geheim
D baie geheime (1)

9.10 9.10.1 Van watter hoofkarakter het jy die meeste gehou? (1)

9.10.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 9.10.1. (1)

9.11 "Die Geheim" is ŉ liefdesverhaal. Gee EEN rede. (1)

9.12 Waarom dink jy moes Dou en Leune van die begin af eerlik met mekaar gewees het? (1)
**[20]**

**OF**

***OM LAASTE TE KAN LAG* – Pirow Bekker**

**VRAAG 10: *LEUENS* – CM van den Heever**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

| |
|---|
| Dit is Saterdagmôre en Eloffstraat, met sy rye blink winkelvensters wat opglans in die son, is een en al lewe: rye motors wat by die robotte staan om dan vinnig vooruit te skiet, muilwaens wat moeilik by die hoeke van die strate draai; geskreeu van koerantverkopers en die bonte wisseling in kleredrag van wandelaars langs die sypaaie. |

10.1 Kies die KORREKTE antwoord.
Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A–D) neer.

Waarmee was Naomi dié oggend besig toe sy Olga in die stad raakgeloop het? Sy het ...

A inkopies vir die maand gedoen.
B vir haar man werk gesoek.
C na klere in die winkelvenster gekyk.
D klere vir haar man gaan koop. (1)

10.2 Hoe kon ’n mens dadelik aan haar klere sien dat Naomi arm was? (1)

10.3 Kies die KORREKTE antwoord.
Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A–D) neer.

Watter leuen het Naomi vertel? Haar man was ...

A arm.
B dood.
C ’n sakeman.
D in Europa. (1)

10.4 Kies elke keer die inligting uit KOLOM B om by die karakter in KOLOM A te pas. Skryf slegs die vraagnommer (10.4.1–10.4.4) en die letter (A–E) neer, bv. 10.4.5 F.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 10.4.1 Naomi | A het bankrot gespeel. |
| 10.4.2 Olga | B het nie werk gehad nie. |
| 10.4.3 Naomi se pa | C het duur klere gedra. |
| 10.4.4 Olga se man | D was baie slim op skool. |
| | E het navorsingswerk gedoen. |

(4 x 1) (4)

10.5 Op skool was die verhouding tussen Naomi en Olga nie goed nie.

10.5.1 Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR? (1)

10.5.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 10.5.1 met 'n rede uit die kortverhaal. (1)

10.6 In watter woonbuurt het Naomi gebly? (1)

10.7 Watter werk het Naomi se man gedoen voordat hy bedank het? (1)

10.8 Hoekom is Naomi se man gevra om te bedank? (1)

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

> "Ja," antwoord Naomi, "ek sal graag wil help as ek kan," maar in haar hart skryn dit. Sy moet op haar lippe byt, want trane wil in haar oë kom. Sal sy nie maar bely nie, sê dat dit alles 'n bedrog is! Maar die woorde huiwer net tot op haar lippe, dit kan nie by haar onvernietigbare onafhanklikheidsgees verby nie.
> Die fyn, deurskynende porseleinkoppietjies, die geurende tee en roomgebakkies maak onbepaalbare gedagtes in haar los, sy weet self nie meer wat sy van die lewe verlang nie. Vir die eerste maal gedurende hierdie middag van marteling kom daar weer rus in haar toe sy vra: "Olga, …"

10.9 Voltooi die volgende sinne deur die woorde in die lys hieronder te gebruik. Skryf slegs die vraagnommer (10.9.1–10.9.4) en die woord neer.

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| plaas; | Saxonwold; | losieshuis; | Mellville; | Westcliff ; | Vrystaat |

Olga woon in (10.9.1) ... , al is dit bietjie ver uit die stad. Toe sy Naomi vra waar sy woon, jok Naomi en sê dat sy in (10.9.2) ... woon. Hoewel Naomi die dogter van een van die rykste boere in die (10.9.3) ... was, weet sy dat sy waarskynlik ook maar eendag met 'n (10.9.4) ... sal eindig, met 'n man wat sy broek deursit op die stoep. (4)

10.10 Dink jy Olga sou vir Naomi kon help as sy die waarheid oor haar getroude lewe geweet het? Motiveer jou antwoord met 'n rede uit die kortverhaal. (1)

10.11 10.11.1 Van watter karakter het jy die meeste gehou? (1)

10.11.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 10.11.1. (1)

10.12 Watter les kan jy by Naomi leer? (1)
**[20]**

**TOTAAL AFDELING D: 20**
**GROOTTOTAAL: 120**

Kopiereg voorbehou